

# TROUE EN EGSKEIDING



Laat ons ons hoofde nou buig vir 'n oomblik van gebed.

Dierbaarste Vader, ons dank U vanmôre vir hierdie voorreg om hier te wees in hierdie ouditorium, terwyl ons die gevolg van hierdie dag te gemoed gaan. Maar ons weet nie wat die dag inhou nie, maar ons weet Wie hou die dag vas. Daarom bid ons dat Hy wat vandag en môre vashou, en die hele Ewigheid, ons vandag sal seën soos ons saam vergader het in Sy Naam, dat ons beter sal weet hoe om te lewe om Hom te dien. Dit is ons hele bedoeling, Vader. God, Wie ons harte ken, weet dit is waar. Ons vertrou onself toe aan U, met die—die toekomstige deel van die dag, vir U diens, in Jesus Christus se Naam. Amen.

<sup>2</sup> U mag maar sit. [Broer Branham sê aan iemand op die platvorm: “Hier is nog een.”—Rd.]

<sup>3</sup> Goeie môre, sigbare gehoor en onsigbare gehoor ook regoor die land waar ons verbind is vanmôre. Dit gee my 'n groot voorreg om hiernatoe te kom en om vanmôre te praat oor hierdie uiters belangrike onderwerp. Aan die sigbare gehoor, is dit inderdaad 'n klein bietjie verwarrend, omdat daar reg voor my gordyne is, dan moet ek na regs en na links praat. En aan die onsigbare gehoor, ek het die ouditorium aan my regterkant, en ook die gimnasium aan my linkerkant; en ek is op die vloer, met die gordyne oop tussen—in, wat my regterkant en linkerkant vorm. En ons het oorloop, vanmôre, deur die ouditorium, die gimnasium ook, en die kerk ook, kerk onder op Agtste en Pennstraat. En in die oorloopplekke, die telefoonstelsel neem dit af na die ander plekke.

<sup>4</sup> Ons het 'n wonderlike tyd gehad in die Here, en ons is onder groot verwagting vir hierdie diens vanmôre. En nou terwyl vanaand die afsluitingstyd van hierdie vier dae van veldtog is, wel, noui ons sekerlik almal uit, wat kan, om hier te wees. Ons vertrou dat die Here ons 'n groot klimaks sal gee vanaand deur iets baie buitengewoons te doen, sodat Hy al die siekes sal genees en die groot dinge sal doen wat Hy gewoontlik doen. En ons is onder groot verwagting vir die aand. Die publiek word vriendelik uitgenooi, almal, elke kerk van elke denominasie. Jy hoef nie eers 'n Christen te wees nie; ons vra beslis vir sondaars om in te kom, by ons te sit. En ons doen ons heel beste om hulle te leer wat die weg van die Here is, dat ons mag lewe.

<sup>5</sup> Nou ek hoop dat die gehoor nie op hulle senuwees sal wees nie. En ek vertrou op die Here dat ek nie senuweeagtig sal wees nie, want ek het 'n geweldige nag gehad, baie spanning. Want ek besef dat die dinge wat ek sê vanmôre teen my gehou sal word in

die Oordeelsdag, en ek—ek kon nie slaap nie, en ek weet as ek hulle nie sê nie sal dit teen my gehou word in die Oordeelsdag. So dit maak dit hard, jy kan dit nie verduidelik nie.

<sup>6</sup> En nou vanmôre is daardie groot onderwerp wat ons moet bespreek van *Troue En Egskeiding*. En die rede waarom ek dit Sondagskool gemaak het, sodat ons daarvoor kon praat en ons tyd neem, in plaas van om 'n preek daarvoor te lewer. Dis onderrigting uit die Skrif.

<sup>7</sup> En ek—ek wil sê dat, as enige prediker of predikers, enige plek, as hierdie band ooit in hulle hande sou val, as ons hierdie band vrystel. Ek weet nie wat die kerk daaraan sal doen nie. Ek vra Broer Fred om die kerkraad te sien voordat hy hierdie band vrystel. En aan julle mense buite oor die land, wat bandopnemers het, moet asseblief nie die band uitlaat behalwe as julle hoor van Broer Sothmann daarvoor nie.

<sup>8</sup> Nou, en as dit vrygestel word, en enige van my prediker broers, of enige Christen èrens, wat sou verskil oor die dinge wat ek sê oor hierdie onderwerp, vertrou ek—ek dat u Dit nie sal kritiseer nie. As u Dit nie verstaan soos ek Dit leer nie, wel, u het 'n reg daartoe, as 'n prediker, as 'n herder. En ek respekteer enigiets wat u glo.

<sup>9</sup> En daar is twee groot skole hieroor. En as daar twee vrae is, moet daar óf een van hulle wees wat reg is, óf nie een van hulle is reg nie. So ons gaan probeer kyk na die Woord van die God, vanmôre, om dit te beslis. Vir my, as dit 'n Bybelvraag is, het die Bybel sekerlik die antwoord daarvoor.

<sup>10</sup> En nou net voor ons hierdie gaan hê, hierdie onderwerp begin, liever, voordat ek bid oor die Woord, wil ek aan elkeen van julle betuig, dat ek...veral julle Christene, dat ek wil hê...Ek—ek wil hê julle moet vir my bid vanmôre. En almal buite in die onsigbare gehoor wat inluister vanmôre, bid vir my, want ek wil eerlik en getrou wees.

<sup>11</sup> Ons besef nou, deur hierdie stellings te maak, iemand, as dit net een persoon is, sal Daaraan vasklou asof Dit tussen lewe en dood is. Daar is baie van julle hier wat gelowig sal weggaan. Natuurlik, baie van julle, sal miskien nie. Maar ek weet, in my bediening, is daar mense wat kom luister na my, en kom luister na wat ek te sê het; van, wel, hulle sit net hier vanmôre, internasionaal, van baie van die Verenigde State, Kanada, en oor die seë. En julle kan jul voorstel die spanning wat dit op jou plaas, om te weet daardie man se Ewige bestemming lê in jou hande, want hy gaan vashou aan wat jy sê. So God sal my laat antwoord daarvoor, en ek wil hierdie net so opreg benader as wat ek kan.

<sup>12</sup> Nou ek—ek vra ons susters. En ek het party van my woorde verander sodat ek dit voor hulle kon spreek. Billy het dit in sy sak, vanmôre, daarbuite, party dinge wat nie gesê kon word

buite voor 'n—'n gemengde gehoor nie. En sommige wat ek waarskynlik sal sê, moet julle verstaan. Neem dit van—van julle broer, na die beste wat ek weet. Julle sou in 'n dokter se kantoor sit en na hom luister, hy sou baie duidelike woorde vir julle moes sê. En party van julle jong dames en jong mans, ek wil nie hê julle moet die verkeerde indruk kry nie. Ek wil hê julle moet glo, en net stil sit. Onthou, die Waarheid moet as die Waarheid verklaar word.

<sup>13</sup> En, nou, sonder twyfel sal daar baie van julle wees wat verskil met wat gesê gaan word, maar ek wil dit vir julle bewys met die Bybel. En dan glo ek, as julle net eerbiedig sal wees en luister, dan sal julle 'n beter insig en begrip hê van waarop ek gehammer het, die hele tyd. Ek glo hierdie sal dit verduidelik, en ek vertrou dat dit sal.

<sup>14</sup> Nou ons mag 'n bietjie lank wees, 'n uur en 'n half, of miskien langer, hierop. Ek weet nie hoe lank dit sal neem nie.

<sup>15</sup> En nou weer, ek wil sê dat, in hierdie tyd, dat, wetende dat mense aan jou woorde vashou; hulle doen dit, aan hulle pastoor. En, natuurlik, ek was 'n pastoor.

<sup>16</sup> En hulle houvas aan 'n pastoor se woorde, net asof dit was tussen lewe en dood. Hulle houvas aan hulle priester se woorde, net asof dit dood en lewe was. En natuurlik, die pastoor, miskien met alles wat hy weet hoe om te maak, leer hy sy mense net soos hy geleer is in die kweekskool; sonder twyfel die priester, ook, in die verskillende godsdienste wat priesters het. Natuurlik, die pastoor is eintlik 'n priester; dis 'n bemiddelaar. So, as die priester, in alles wat hy geleer is in sy, in die kweekskool en die kloosters, die man vertel in diepe opregtheid net presies wat hy geleer is.

<sup>17</sup> Wel, dan, ek het nie enige kweekskool ondervinding of klooster ondervinding nie, en glad nie iets daarteen nie, maar ek het 'n baie eienaardige lewe.

<sup>18</sup> Ek was geroep toe ek 'n baie klein seuntjie was. En hierin was 'n sigbare, hoorbare teken aan my gegee, 'n—'n Vuurkolom wat in 'n bos gehang het, op sewe jaar oud, reg hier op die Utica Tol. My vader het gewerk vir Mr. O. H. Wathen wat net onlangs oorlede is. En julle het die boek geles, julle ken die storie. En van daardie tyd af. . . Onder by die rivier het Dit toe sigbaar voor die mense verskyn. En nou het Dit die foto laat neem, baie keer, en dit hang in Washington, D.C., as 'n kopiereg, in die Geestelike Saal van Kuns, as die enigste bonatuurlike Wese wat ooit wetenskaplik as afgeneem bewys is; dieselfde Vuurkolom, wat presies dieselfde lyk en in elke opsig, wat die kinders van Israel uit Egipte gebring het. Ek glo Dis Jesus Christus in Geesvorm, in die Seunskap van God.

<sup>19</sup> Want Hy was “Seun van die mens” genoem toe Hy eerste gekom het, nou word Hy “Seun van God” genoem, in die

Millennium sal Hy “Seun van Dawid” wees. Hy het Seun van die mens gekom, ’n profeet, soos van Hom gespreek is; nou is Hy Seun van God, in bonatuurlike; in die groot Millennium wat moet kom, sal Hy Seun van Dawid wees, wat op die troon van Dawid sit. Soos alle Bybellesers weet dat daardie ’n Goddelike belofte van God is, aan Dawid, Hy sou Sy Seun oprig om op sy troon te sit.

<sup>20</sup> En nou in ’n snaakse, eenaardige bediening, is ek enigiets van “God” tot “’n duiwel” genoem. En dit, dis net altyd so.

<sup>21</sup> Dis wat hierdie aartsbiskop van die Katolieke kerk vir my gesê het nou die aand hier onder, die gesprek was, dat hy gesê het: “Broer Branham, Johannes die Doper het homself duidelik geïdentifiseer in die Skrifte, soos gespreek deur die profeet Jesaja.” Hy het gesê: “Jou bediening is duidelik geïdentifiseer in die Kerk.” Hy het gesê: “Die Lutherane is in die Bybel.” Hy het gesê: “Lutherane het Luther geken. Wesleys het Wesley geken. Maar wat van die Pinksters?” Gesê: “Hulle dwaal. Hulle weet nie waarheen om te gaan nie.”

En ek het gesê: “Meneer, ek waardeer dit.”

<sup>22</sup> En dit was op daardie tydstip wat die Gees geval het op die dame, het my nog nooit gesien nie, sy vrou. . . en gespreek en dieselfde dinge geïdentifiseer.

<sup>23</sup> Nou, om eerlik te wees, voor hierdie Boodskap wat ek spreek vanmôre, ek weet nie. Ek het hom vertel, ek het gesê: “Meneer, ek kon nie dit sê nie. Dis ’n yslike groot ding om te sê. Dit lyk so.”

<sup>24</sup> Een ding wat ek weet, dat daar iets is wat gebeur het, definitief. Al hierdie dinge, net, dis wetenskaplik bewys, en om en om die wêreld bewys, dit kan nie net ’n mite wees nie. Dis die Waarheid. Wat is dit? Laat my sê, belydend, voor ek met julle praat vanmôre, ek weet nie. En ek sal nie enige beweging durf maak totdat ek nie van Hom gehoor het wat met my gepraat het in die verlede en my al hierdie dinge vertel het nie.

<sup>25</sup> Onthou, ons Here Jesus Christus het nooit Homself as die Seun van God geïdentifiseer nie. Hy het gesê: “Julle het gesê ek was; vir hierdie doel is ek gebore,” ensovoorts, maar Hy het nooit Homself geïdentifiseer nie.

<sup>26</sup> En, nou, dit was die Vuurkolom wat die kinders van Israel gelei het, was die Here Jesus Christus in Geesvorm, (glo julle dit?) die Logos wat uit God uitgegaan het. [Gemeente het gesê: “Amen.”—Rd.]

<sup>27</sup> En toe toe Hy op aarde was, het Hy gesê: “Ek kom van God, en ek gaan na God.” Ons weet dit almal.

<sup>28</sup> Na Sy dood, begrafnis, en opstanding. Saulus van Tarsus was oppad na Damaskus om die—die Christene te vervolg, omdat hulle dinge onderrig het wat teenstrydig was met wat

hulle geleer is. En hy was 'n groot stryder; onder Gamaliël, een van die uitstaande leermeesters van die dag, in hulle skool, hulle klooster; en 'n groot man, en 'n beampte van die kerk. En dit was daar wat 'n groot Lig, weer die Vuurkolom, hom neergevel het, in die middel van die dag. En 'n Stem het gesê: "Saul, Saul, hoekom vervolg jy My?"

<sup>29</sup> Nou as julle oplet toe Paulus, Saulus, opgestaan het, het hy gesê: "Here, Wie is U?" Nou, daardie seun, as 'n Jood, hy sou beslis nie iets genoem het, behalwe as dit iets was wat God gesimboliseer het, sou hy dit nie "Here" genoem het nie. So, Dit was dieselfde Vuurkolom.

<sup>30</sup> Soos Jesus gesê het: "Ek gaan na God toe. Ek het van God af gekom, en Ek gaan terug na God toe."

<sup>31</sup> Daar was Hy, weer terug in die vorm van die Vuurkolom; Hy het gesê: "Ek is Jesus wat jy vervolg; en dis hard vir jou om teen die prikkels te skop."

<sup>32</sup> En ons besef dan toe die Apostel Petrus, aan wie die sleutels gegee is om die Kerk te bou, ons vind uit dat hy in die tronk was, en hierdie selfde Vuurkolom het deur die tralies gekom, die deure van die tronk oopgemaak, en Petrus uitgeneem, geheimsinniglik, sonder om eers die wag te versteur. Vir my, is Dit Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

<sup>33</sup> En dan sal jy altyd enigiets ken aan die natuur daarvan. Enigiets word geken aan sy natuur, die vrugte wat dit dra. En ek vra julle om te kyk watter vrugte Dit dra, hierdie Lig wat God is, want Dit gaan altyd terug na die Woord van God, en bewys die Woord van God, preek die Woord van God, en God bewys daardie Woord materieel só voor julle. Daar moet iets Daaragter wees.

<sup>34</sup> Mense het my 'n profeet genoem. Ek noem nie myself 'n profeet nie, want ek durf dit nie sê nie, maar ek het. . . Sê, ek kan dit sê, dat die Here my dinge vooruit laat sien het, dinge laat vertel het wat gebeur het, sal gebeur, en gebeur, en nie een keer het dit ooit gefaal, in die tiene van duisende kere nie. Alles wat Hy gesê het sou gebeur, het gebeur. Ons weet dit almal. As daar 'n persoon in hierdie sigbare gehoor is vanmôre, of êrens, een keer kan sê waar dit misluk het, is julle vry om op te staan en so te sê. Maar as almal weet dat elke keer, van die duisende kere, dit presies reg was, sê: "amen." [Gemeente: "Amen!"—Rd.] Sien? So dit sal dieselfde ding om die wêreld wees.

<sup>35</sup> Iets is net gereed om te gebeur. God stuur nooit hierdie dinge sonder dat daar 'n doel daaragter is nie.

<sup>36</sup> Ek het net hier gedink. Ek het dit hier geplaas, een van my notas. Wat ek vanmôre dra, 'n stel masjetknope. . . En baie van julle het gehoor van hierdie rolprentster, Jane Russell, en haar

moeder is 'n Pinkster; en Danny Henry is haar neef, haar eie neef, haar moeder se suster se kind. Hy was Baptisties. Hy het gestaan by 'n byeenkoms, 'n Besigheidsmansbyeenkoms in Los Angeles, Kalifornië, twee jaar gelede.

<sup>37</sup> En ek was net klaar gepraat oor 'n groot, sterk, kragtige stellings; dat selfs die opsiener, een van die algemene opsieners van die Gemeentes van God, afgekom het na die platvorm van bo in die balkon waar hy gesit het, en hy het gesê: “Ek glo nie dat Broer Branham daardie bedoel het nie.”

<sup>38</sup> Ek het gesê: “Ek moet dit bedoel, meneer. Dis SO SPREEK DIE HERE.” En, toe, dit was oor die kerk in hierdie eeu.

<sup>39</sup> En omtrent daardie tyd, hierdie jong man wat 'n besigheidsman was. . . Sy broer is oorkant. . . hy was daar aan die afneem vir die televisie daardie môre, sy ander broer is—is 'n staatspadtoesighouer van Kalifornië. En Danny Henry het na vore gekom toe hierdie byeenkoms afgesluit was, op die platvorm, soos *hierdie*, waar die manne almal gesit het, na onder geloop om sy arms om my te sit. En hy het hierdie woorde gesê: “Broer Branham, ek hoop nie dit klink onheilighend nie, maar,” gesê: “daardie kon die 23ste hoofstuk van Openbaring gemaak word.” Wat, daar is net twee—en—twintig hoofstukke in Openbaring. Hy het gesê: “Ek hoop nie dit klink onheilighend nie.” Hy het dit net pas klaar gesê. . . Nou, die seun was 'n Baptis, en hy het niks van die bonatuurlike gewet nie. Met sy arms om my, het hy begin praat in 'n onbekende taal.

<sup>40</sup> En toe hy klaar gepraat het in 'n onbekende taal, was daar 'n gesette, donker vrou wat reg voor my gesit het, sy het opgestaan, gesê: “Dit het nie enige interpretasie nodig nie.” Sy het gesê: “Ek is van Shreveport, Louisiana; of Baton Rouge, Louisiana.” Gesê: “Dit is duidelik Frans.”

<sup>41</sup> Victor Le Dioux, wat 'n Fransman was, wat ook daarbo gesit het, het gesê: “Sekerlik, ek's 'n Fransman, en daardie was volkome Frans.”

<sup>42</sup> Ek het gesê: “Wag 'n oomblik. Skryf *ju* neer wat hy gesê het, en skryf *ju* neer wat hy gesê het, voor julle enigiets sê. Skryf neer wat julle sê, en laat ons julle notas sien.” En so het een neergeskryf, en die ander het neergeskryf, dit was selfs die punktuasie was dieselfde.

<sup>43</sup> En toe net omtrent daardie tyd, toe hulle hulle notas na vore gebring het, het 'n aantreklike, jong blonde seun van agter geloop gekom. Waar, daar was nie eers genoeg plek vir hom om te sit nie; hy het gestaan aan die agterkant. Hy het na vore geloop, gesê: “Net 'n oomblik, ek wil ook graag 'n nota plaas.” Hy het gesê: “Ek is 'n Franse tolk vir die V.V., Verenigde Volke.” Hy het gesê: “Ek wil graag my nota laat.”

44 En, hier, al drie notas presies dieselfde, van Frans. En hier is hoe dit lees. Hierdie is die oorspronklike afgeneemde notas, direk afgeneemde nota. Hier is Danny Henry se nota, self, wat hy in sy sak gedra het. Natuurlik, dit het in die Christenbesigheidsmanne ingegaan, ensovoorts.

*Omdat jy die smal weg gekies het, die moeiliker weg; jy het uit jou eie keuse gewandel.*

*Jy het die korrekte en presiese besluit gekies, en dit is My Weg.*

*As gevolg van hierdie monumentale besluit, sal 'n groot deel van die Hemel op jou wag.*

*Watter glorieryke besluit het jy gemaak!*

*Hierdie op sigself is dít wat sal gee en sal laat plaasvind die geweldige oorwinning in die liefde Goddelik.*

45 Nou die man het sy naam hier geteken. “Die bostaande verklaring is geïnterpreteer deur, van Danny Henry wat profeteer oor Broer Branham, gegee deur drie getuies in die kafeteria in Los Angeles, Kalifornië.”

46 Nou, dieselfde jong man wat hierdie profesie gemaak het, onbewus van wat hy gesê het, was in Jerusalem omtrent 'n maand gelede. Hy het die voorreg gehad om uit te gaan en—en te lê in die graf waar Jesus gesterf het en begrawe is. En so terwyl hy daar gelê het, het hy gesê dat ek baie sterk deur sy gedagte gegaan het en hy het begin huil. Gesê: “Hoedat dit so hard was vir Broer Branham om teen die wêreld en hierdie dinge te staan, en al die kerke!”

47 Soos dit—dit een maal gesê is van een, van die Billy Graham deel, gesê: “Ons kan Billy Graham sien, want al die kerke is saam verenig vir hom. Ons sien Oral Roberts, die Pinksters. Maar hoe het ons ooit enigiets, as Dit teenstrydig is met wat mense geleer is?” Dis God.

48 En, Danny, wat hy doen vir 'n stokperdjie, hy maak klein klippies. Hy het uitgeloopt na waar die Kruis neergesit was, waar hulle gesê het die Kruis in die rots gesit is. Niemand was daar nie, so hy het 'n klein stukkie klip afgebreek en hy het dit in sy sak gesit vir 'n aandenking, huis toe gekom en vir my 'n paar masjetknope daaruit gemaak. En, eienaardiglik, toe hy hulle gemaak het, het hulle gelyk asof hulle bloedbevlek was. En regdeur elkeen van hulle, aaneenlopend, loop 'n reguit, smal paadjie regdeur albei van hulle. Nou dit mag wees net 'n. . . Sien, iemand anders mag dit dalk nie oplet nie, maar vir my is dit aanvullend tot die dinge wat ek glo. Ek glo dat alles 'n betekenis daaraan verbonde het.

49 En nou, in hierdie tyd, wat ook al die Here het. As hierdie nie die ding is waarvan Hy geprofeteer het, van Máleagi 4 en

ook van Lukas 17, en baie ander Skrifte wat moet plaasvind in hierdie laaste dag nie, mag ek dit sê ter afsluiting, sal dit die fondament lê vir die man wanneer hy sal kom. So ek is baie dankbaar dat God Almagtig, as dit so sal wees, my 'n klein ietsie laat doen het, in my onopgevoede toestand, om my waardering vir Sy liefde vir my, my liefde aan Hom, en ons liefde aan die mense te wys.

<sup>50</sup> Daarom, in opregtheid, benader ek hierdie onderwerp van *Troue En Egskeiding*. Mag God ons almal genadig wees.

<sup>51</sup> En luister nou aandagtig. En, susters, moenie opstaan en uitgaan nie; sit net 'n klein oomblikkie stil. Broers, doen dieselfde. Moenie julle stelle afskakel daarbuite nie, wat opkom op hierdie verbinding nie. Moenie dit doen nie. Sit net stil vir 'n paar minute, totdat dit verby is. Luister aandagtig. As julle nie saamstem nie, skryf neer die Skrifte wat ek gebruik, en bestudeer hulle dan in gebed voordat julle jul besluit maak.

God, help ons soos ons probeer om hierdie onderwerp te benader.

<sup>52</sup> Nou, dit mag 'n bietjie lank wees. Ek wil nie hê julle moet enigsins haastig raak nie. En neem net julle tyd, almal van ons, en bestudeer die Woord van God, waarlik en deeglik, soos ons weet hoe om Dit te bestudeer.

<sup>53</sup> Laat ons begin met Matthéüs, die 19de hoofstuk. En begin by, ek dink, met die 8ste vers van die 19de hoofstuk, wil ek begin. Ek mag ook begin met die 1ste, en lees tot by die 8ste vers van die 19de hoofstuk.

<sup>54</sup> Nou, onthou, hierdie dinge wat ek sê moet van die Woord van God af kom. Dit kan nie my eie opinie wees nie, want my opinie is net soos enigiemand anders s'n. Maar dit moet aaneenlopend met die Woord van God wees. Onthou, God hou alles in kontinuïteit. Hy verander nooit. Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Glo julle dit? [Die gemeente sê: "Amen."—Rd.] Hy is dieselfde.

<sup>55</sup> Nou sal ek lees uit die 19de hoofstuk.

*En toe Jesus hierdie woorde geëndig het, het Hy van Galiléa vertrek en in die gebied van Judéa oorkant die Jordaan gekom.*

*En groot menigtes het Hom gevolg, en Hy het hulle gesond gemaak . . .*

*Toe kom die Fariseërs na Hom om Hom te versoek, . . .*

<sup>56</sup> Ek onderbreek daar sodat julle die klem kan kry op wie dit was wat Hom versoek het.

*. . . en sê vir Hom: Is dit 'n man geoorloof om oor allerhande redes van sy vrou te skei?*



*En Hy antwoord hulle en sê: Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het:*

*Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees?*

*Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.*

*Hulle sê vir Hom: Waarom het Moses dan skeibrief gegee om . . . haar te skei?*

*En Hy antwoord hulle: Omdat Moses weens die hardheid van julle harte julle toegelaat het om van julle vrou te skei; maar van die begin af was dit nie so nie.*

Nou, God, help ons.

<sup>57</sup> Hierdie Skrif, hierdie vraag, het Jesus reg aan die begin van Sy bediening gekonfronteer. En dit het Moses reg aan die begin van sy bediening gekonfronteer. Dis die belangrikste vraag in gelowiges se harte. Die sondaar gee nie om nie. Maar dis aan gelowiges, want die gelowige probeer om alles te doen wat hy kan om reg voor God te lewe. Daarom dit, enige vraag wat opgehaal word oor godsdiens, dan kom die *Troue En Egskeiding* vraag op, (hoekom?) want dit is die oorsaak van die oorspronklike sonde. Dis waar sonde begin het. En dis hoekom dit elke keer opgehaal word, want dit is die einste begin van sonde.

<sup>58</sup> Nou ek sal nie tyd hê om al hierdie dinge te verduidelik nie, maar ek sal bly wees om al jou brief of enigiets wat ek kan te beantwoord. Of, ons het die boeke wat daaroor geskryf is, en baie vrae, en selfs uitknipsels uit koerante en dinge hier, om dit te bewys, ons weet dat dit Eva was. Die appel wat sy veronderstel was om te geëet het, waar dit nie eers Skriftuurlik is nie, nou reken hulle dat dit 'n appelkoos was; dit was geeneen nie. Sy het owerspel gepleeg, wat die eerste kind voortgebring het, wat Kain was, Satan se eie seun, want in hom was kwaad. Dit het nie deur Abel gekom nie. Satan se seun was Kain.

<sup>59</sup> Ek ken julle vraag nou: "Eva het gesê: 'Ek het 'n man van die Here gekry.'" Dis presies reg.

<sup>60</sup> Jy kan die slegste vrou in die dorp, die slegste man; as hulle 'n baba sou hê, sou dit van die Here af moes kom, want God het vasgestelde wette. En hierdie wette, soos die son wat moet opkom; sit jy 'n kankerros in 'n goeie veld, sal dit groei. En dit moet groei, want dis God se wet. Wanneer saad geplant word, moet dit groei. En niks behalwe God kan lewe laat groei nie,

omdat dit werk onder Sy wette. Daarom toe die bose saad geplant is in die skoot van—van Eva, moes dit voortbring, want dis God se wet van voortbrenging. En dit kon niks anders doen behalwe om dit te bring nie, en dit moes van God af kom.

<sup>61</sup> Dis waarom mense sê: “Klein babatjies,” partymaal: “wat nie gebore is met Christen ouers nie, verlore is.”

<sup>62</sup> Jesus Christus se Bloed versoen vir die kind, ek gee nie om hoeveel dit gebore is of hoe boos dit gebore is nie. Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Die klein kindjie kan nie berou hê nie, want dit het niks om berou oor te hê nie, en dit was die sonde van die wêreld wat weggenem is deur die Bloed van Christus. Babatjies gaan Hemel toe.

<sup>63</sup> Dis die oorspronklike sonde, en dis hoekom dit—dit bevraagteken word. Wanneer enige groot verskynsel van God af kom, oor die eerste ding: “Wat van troue en egskeiding?” Nou, soos altyd, is dit steeds die vraag onder die mense. Soos dit was in die tyd van Jesus, soos dit was in die tye van Moses, was dit altyd, en is tot hierdie dag, ’n vraag onder die mense, want die mense wil weet wat die Waarheid is.

<sup>64</sup> Maar waar daar ’n vraag is, moet daar ook ’n antwoord wees. En nou as ’n antwoord, soos ek vroeër gesê, hierdie week, daar moet ’n korrekte antwoord wees. En as ons antwoord op enigiets kry, en dit—dit is nie reg nie, dan weet ons dat dit verkeerd was. Maar daar is dit, jy sal nog steeds vra totdat die ware vraag beantwoord is, as jy die Waarheid wil weet. En omdat hierdie ’n Bybelse vraag is, moet dit ’n Bybelse antwoord wees.

<sup>65</sup> Dis soos ek gesê het, as ek ooswaarts wou gaan vanmôre; en die beste wat ek dit sou weet, ek moes ’n sekere iets in die veld vind, en dit was direk oos, en ek het ooswaarts gegaan. Iemand het gesê: “Broer Branham, *hierdie* is oos.” Dit is oos, potensieel, maar dis noordoos. Ek sou verby die einste voorwerp waarvoor ek gesoek het gaan; ek sou terugkom, en weet dat ek verkeerd is. En dan as iemand sou gesê het: “Broer Branham, gaan *hierdie* rigting, na jou regterkant.” Nou, dit is potensieel oos, ook, maar dis suidoos. Ek sou die voorwerp verloor waarna ek gesoek het, omdat ek oor die grense van die perfekte en direkte weg gegaan het.

<sup>66</sup> Nou, as dit so is, ons het twee denkrigtings oor *Troue En Egskeiding*. En dit is, een van hulle sê, dat: “’n Man kan net een maal trou, behalwe as sy vrou dood is.” En dis een van die vrae, maar, gaan jy oor tot die navolging daarvan, gaan jy oorboord. En dan die ander een sê: “O, as die man of die vrou, enigeen, owerspel gepleeg het, kan enigeen van die twee verstoot word en weer mee getrou word. Jy vind jouself oorboord daarmee.

67 So, sien, dis nie suidoos of noordoos nie; ons wil direk oos hê. Jou Skrif sal opraak as jy na *hierdie kant* gaan, jou Skrif raak op as jy na *daardie kant* gaan. Ons wil weet waar Skrif Skrif ontmoet, en weet wat die Waarheid daarvan is. Elkeen neem 'n ander weg, en bring nie die korrekte antwoord op nie, maar daar moet steeds 'n antwoord wees.

68 Dis net soos, vandag, daar is twee groot doktrienerigtings in die kerk; een van hulle is Calvinisme, die ander een is Armin—... Arminianisme. Een van hulle is wetties, die ander een is genade. En ons het uitgevind dat die mense wat in genade glo, die Calviniste, hulle sê: “Loof God, dit doen my nie skade om te rook nie. Dit doen my nie skade om te drink nie. Ek kan hierdie dinge doen, ek het Ewige sekuriteit.” Dan vind ons die ander kant, aan die wettiese, het gesê: “O, ek wou hom graag uitskel, ek wou hom graag die waarheid vertel het, maar, ek's 'n Christen, ek moet stilbly.” Sien, jy bevind jousef op twee verskillende paaie, en nie een van hulle is reg nie. Nou, dis moeilik om dit te sê, maar dit is die waarheid.

69 Ons bevind onself op twee verskillende paaie; een wat in een rigting gaan, een in 'n ander. Nou kom ons kyk wat die Waarheid is.

70 Nou luister, en kyk op dit verstandig klink vir julle. Byvoorbeeld, as ek gereedmaak om oorsee te gaan. En ek sal my eie familie neem. Ek sal my vrou nader roep, en ek sal sê: “Ons ga—... Ek gaan oorsee, skat.” Nou hier is die wettiese kant, “Nou, my vrou, ek gaan die wet neerlê vir jou! As jy met enige man flankeer terwyl ek weg is, as ek terugkom is jy 'n geskeide vrou. En ek wil nie hê jy moet ogies maak nie, wil nie hê jy moet flankeer nie! Verstaan jy dit? Ek's jou man! As jy dit doen, gaan ek jou verstoot as ek terugkom.”

71 Dan leun sy oor en kry my aan die das beet, en sê: “My liewe man, ek wil jou iets vertel, sien, sien, dat as jy ogies maak vir enige vrou, of enige vrou uitneem, of flankeer met enige vrou, gaan jy 'n geskeide man wees wanneer jy terugkom.” Nou, sal dit nie 'n gelukkige huis wees nie? Dis wettiges. Goed.

72 Nou, die ander kant is, dat as ek oorsee gaan en ek maak 'n fout... Oorgaan en sê: “Nou, kyk, ek sal *hierdie* vrou uitneem. O, dis alles reg met my vrou, sy gee nie om nie.” My vrou sê: “Ek sal uitgaan met *hierdie* man. Dis in die haak met Bill, hy gee nie om nie.” As ek nie omgee nie, dan is daar iets verkeerd met my; ek het nie daardie vrou korrek lief nie. As sy nie omgee nie, is daar iets verkeerd met haar. Sy is my vrou; ek wil nie hê ander mans moet met haar lol nie. Sy is *my* vrou.

73 Nou, die korrekte manier daarvan is, daar is albei van hulle wat 'n waarheid het, maar nie die presiese Waarheid nie.

74 Nou wanneer ek oorsee gaan, om dit reg te maak, my klein familietjie kom bymekaar, en ons bid saam met mekaar. En ek

vertrou hulle toe aan God, en hulle vertrou my toe aan God. En wanneer ons dit doen, gaan ons oorsee, gaan ek oorsee. Nou, ek weet sy het my lief; ek het vertrou in haar. En ek het haar lief; sy het vertrou in my. Solank ek haar liefhet soos daardie, het sy geen bekommernis oor my wat enige ander vrou uitneem nie. Solank sy my reg liefhet, tog, is daar geen rede vir my om te dink aan enige ander man wat uitgaan met haar nie, want sy is my vrou en ek glo haar.

<sup>75</sup> Ek glo, as ek werklik iets sou verkeerd doen, 'n fout maak en uitgaan met 'n vrou, en sou terugkom en dit aan haar sou bely, en haar vertel: “Meda, ek het nie bedoel om dit te doen nie. Ek was net vasgevang in 'n strik; hierdie vrou het net opgeharloop na my en—en my aan die arm gegryp, en begin *so—en—so*,” glo ek sy sou begryp. Ek glo sy sal my vergewe daarvoor. Maar ek sal dit nie doen, vir niks nie, want ek het haar lief. Alhoewel sy my sou vergewe, sou ek dit nie doen nie. Ek sou haar nie seermaak vir enigiets nie. Alhoewel ek weet sy my sal vergewe daarvoor, wil ek haar nie seermaak nie.

<sup>76</sup> En dis hoe dit is met God. As ek. . . as 'n *fileo* liefde, wat menslike liefde is, gemeenskapsliefde, 'n man so kan laat voel oor sy vrou; wat van *agapao* liefde, die Griekse woord wat “die liefde van God” beteken, hoe sal dit my laat doen oor Jesus Christus? Ek, solank as wat ek dit wil gaan doen, is dit in my hart om dit te doen! Of. . . Ek sê, solank as wat dit in my hart is om dit te doen, gaan ek dit doen. Wettiesheid sal my dit nie laat doen nie, is omdat ek weet ek gaan gestraf word omdat ek dit gedoen het. Maar die werklike Waarheid daarvan is, is wanneer die liefde van God in jou hart inkom totdat jy Dit *wil* doen. Dis die Waarheid daarvan. Daar is die twee rigtings. Nie wettiesheid of ander, of die Calvinisme nie, dis albei.

<sup>77</sup> Nou ons vind uit vandag, ook, daar is baie verskillende denominasies. Daar is die Katolieke kerk, die Protestante kerk. Elkeen van hulle sê hulle is die Weg, sien: “Ons het die Weg, ons is die Waarheid.” Daar is die Metodis, sê: “Ons het die Waarheid.” Die Baptis sê: “Ons het die Waarheid.”

<sup>78</sup> Wel, vir my, solank hulle so voel, is dit nie so nie, want Jesus het gesê: “Ek is die Waarheid.” Sien?

<sup>79</sup> Daarom, soos my preek gisteraand was, dat Hy die plek is waar God Sy Naam geplaas het, die enigste plek om te aanbid. Jy is nie 'n Christen omdat jy 'n Protestant is nie. Jy's nie 'n Christen omdat jy 'n Katoliek is nie. Jy's nie 'n Christen omdat jy 'n Metodis, Baptis, of Pinkster is nie. Jy's 'n Christen omdat jy gedoop is binne—in Jesus Christus, deur die Heilige Gees, nie deur water nie. “Daar is een Geloof; een Here; een doop,” dis die Heilige Gees doop. Waterdoop lyf jou in 'n gemeenskap in. Die Heilige Gees doop, lyf jou in Christus in. Daar is die Waarheid.

<sup>80</sup> Ons het ook twee gedagtes oor hierdie *Troue en Egskeiding*. Nou, dit, onse Here het die Sewe—Seël verborgenheid van Sy Woord vir ons geopen, in hierdie laaste dae. Nou, baie van julle, dit mag Grieks wees vir julle, maar my kerk verstaan. Waardeur? En julle het van die gesigte gehoor en wat plaasgevind het. En die vraag is 'n Bybelse vraag, ons word hier uitgenooi om te glo dat daar 'n ware antwoord moet wees vir die hele versteekte geheim wat weggesteek was sedert die grondlegging van die wêreld. En die Bybel profeteer en sê dat hierdie geheime in hierdie dag bekend gemaak sou word. Openbaringe 10: “Maar in die dae van die stem van die sewende Engel, die Laodicéa boodskapper, sal die verborgenhede van God bekend gemaak word.” En hierdie is die laaste eeu, wat Laodicéa is.

<sup>81</sup> Kyk na al hierdie herlewing wat aangegaan het vir vyftien jaar of meer, en nie een denominasie het daaruit gekom nie. Luther het 'n herlewing gehad, daar het 'n denominasie gevolg; Wesley, daar het 'n denominasie gevolg; Alexander Campbell, daar het 'n denominasie gevolg; al hierdie ander groot... John Smith ensovoorts, denominasies, Moody, al deur. Maar daar was een... Gewoontlik hou 'n herlewing net drie jaar aan. Maar hierdie gaan al aan vir meer as vyftien jaar, en nie een denominasie het ontstaan hieruit nie, want hierdie is die Saadtyd. Daar is nie meer dop nie; nadat die een dop weg is, is dit Saad.

<sup>82</sup> God is gereed, as Hy dit nie nou doen nie, gaan Hy 'n Kerk roep na volmaaktheid deur Sy Woord, Jesus Christus. Let op, daar moet iewers 'n antwoord wees, en Dit, die sewe—seël verborgenheid van God, Sewe Seëls.

<sup>83</sup> Hoeveel verstaan dit, steek julle hande op. Laat ons sien. Ek dink meeste van hulle is ons gemeente van rondom, luister. Indien nie, die boeke sal binnekort uit wees, oor die onderwerp. Ons het boeke, nou sommige boeke Daaroor.

<sup>84</sup> Jesus, in ons teks, nooi ons uit om terug te gaan na die begin, vir die ware Skriftuurlike antwoord.

<sup>85</sup> Nou, toe Hy hiermee gekonfronteer is, was daar twee dinge in sig. Die priesters het vir Hom gesê: “Kan 'n man sy vrou skei, met 'n ander trou, vir allerhande redes?”

En Jesus het gesê: “Dit was nie so van die begin af nie.”

Toe het hulle gesê: “Moses het ons 'n skeibrief gegee, en toegelaat om van haar te skei vir enigiets wat hulle wou.”

<sup>86</sup> Hy het gesê: “Daardie, Moses het dit gedoen weens,” ek laat daardie 'n tydjie talm: “weens die hardheid van julle harte; maar van, of aan die begin was dit nie so nie.” Die vraag!

<sup>87</sup> Die vraag vandag, soos van wêreldvrede: “Kom dit deur politiek, vereniging van nasies, verenig?” Ek sê vir julle, nee. Dit het altyd misluk, en dit sal weer. Maar daar bly ’n ware antwoord op die vraag: “Sal daar vrede op aarde wees?” Ja, wanneer sonde van die aarde verwyder is, sal daar vrede wees. Maar tot daardie tyd, sal daar geen vrede wees nie; “volk sal teen volk opstaan, en koninkryk teen koninkryk.” God het ’n middel vir sonde gegee. Luister nou aandagtig. God het die middel gegee om sonde van die aarde af te verwyder, maar mense op die aarde wil nie God se middel aanvaar nie.

<sup>88</sup> God het ons ’n middel gegee en ’n manier om met ons vroue te trou en saam met hulle te leef, maar die mens wil nie God se middel aanvaar nie, wil nie Sy Woord daarvoor aanvaar nie. Jesus het dit gesê. En dit herinner ons aan—aan Sy Woorde, met die wete dat Hy gesê het: “Hemel en aarde sal faal, verbygaan, maar Myne sal nie.”

<sup>89</sup> Die vraag, die ware antwoord waarnatoe Jesus wil hê ons moet teruggaan, is om terug te gaan na die begin. Dan, dit sou in Génesis wees, want die woord *Génesis* is die saadhoofstuk vir elke vraag in die Bybel. En jy moet altyd teruggaan na die saad om te sien watter soort saad in die veld is, om uit te vind wat jou oeste sal wees. Nou, watter soort saad word gesaai? Génesis, as die saadhoofstuk, ons gaan terug na Génesis. Jesus stel ons bekend aan daardie Skrif: “in die begin.” Nou, onthou, dis toe die begin van tyd begin het. Voor dit, was dit Ewigheid. Nou, ons vraag daar was, let op, as ons teruggaan na die begin.

<sup>90</sup> Nou moenie hierdie mis nie! En dis hoekom ek stadig wil praat, sodat die mense buite op die drade, en dat die band dit duidelik sal sê.

<sup>91</sup> As Jesus gesê het: “Gaan terug na die begin,” daar was net een paar van enigiets op aarde. Daar was een Adam, een Eva, hulle was deur God alleen saamgevoeg. Een vroulike perd, een manlike; een vroulike papegaai, een manlike. “In die begin,” soos Hy ons gesê het om terug te gaan, was daar net een paar van enigiets. Is dit waar? [Gemeente sê: “Amen.”—Rd.] Dan, ons vind nou dat alles “in die begin” in volmaakte orde en harmonie met God verloop het, niks was uit balans nie.

<sup>92</sup> Alles in die hemel is steeds in orde; al die sterre, die sterrestelsels, die sonnestelsel, alles is volmaak in orde. Een van hulle beweeg, dit sou die hele program omverwerp.

<sup>93</sup> Luister nou. Sien julle? Een onderbreking bederf die hele program! Nou, toe mense in volmaakte kontinuïteit met God voortgegaan het, met een man en een vrou, het hierdie vrou gesondig en die hele aardse program uit kontinuïteit met God gegooi. Daarom, een woord by hierdie Boek gevoeg, of een Woord weggeneem Daarvan; gooi ’n Christen uit kontinuïteit

met God, gooi 'n kerk uit kontinuïteit met God, gooi 'n familie uit kontinuïteit met God. Elke gelowige kan omvergewerp word, deur nie elke Woord van God te aanvaar nie.

<sup>94</sup> Dan, dit was die vrou wat die skeuring van die pragtige huis veroorsaak het. Dit was nie 'n Gerub wat die aarde gepla het nie. Dit was nie Adam wat die huis omvergewerp het nie. Dit was nie iets anders wat die huis omvergewerp het, en die hele ding uit kontinuïteit gegooi het nie, behalwe 'n vrou, Eva. En dit is hier dat “die begin,” waarvan Jesus gepraat het, verbreek is. Jesus het gesê: “In die begin, het God een manlike, een vroulike, van elke soort gemaak.” En nou wanneer hierdie vrou...nie die vroulike perd nie, nie die vroulike hond nie; maar die vrou, sy het die hele kontinuïteit van God se operasie op aarde verbreek, en alles in dood gedompel. Die vrou, nie die man nie, sy het die verbond verbreek. Sy het die verbond verbreek, want (hoekom?) sy het oor die grense van God se Woord getree. Nou, as sy haar verbond met haar man verbreek het, het sy haar verbond met God verbreek; dan, omdat sy die verbond met God verbreek het, het sy dit met haar man verbreek.

<sup>95</sup> En wanneer jy jou belofte en jou verbond met God se Woord verbreek, dis wat soveel buite—egtelike kerklidmate tot gevolg het, omdat 'n groep manne bymekaar gekom en gesê het: “Wel, Dit het nie *dit* beteken nie,” en dit gooi die hele organisasie uit kontinuïteit met die Woord. “Ons glo nie Dit nie. Dokter Jones het gesê Dit was nie so nie.” Maar solank as God gesê het Dit was so, Hy het gesê: “laat elke mens se woord 'n leuen wees, en Myne die Waarheid!” Daar breek dit die kontinuïteit.

<sup>96</sup> Nou sien ons, dat omdat die kontinuïteit verbreek is, die Lewenslyn toe verbreek was, die tydslyn ook verbreek was, die verbond verbreek was, alles verpletter was! Wat het dit veroorsaak? 'n Vrou. Dis wat die verbond verbreek het. Nou, as julle dit wil lees, kan julle dit lees, Génesis 3.

<sup>97</sup> Nou, dit was toe dat die man gemaak was om oor die vrou te heers, deur God se Woord. Sy was nie meer gelyk met hom nie. Sy was gelyk in die natuur, julle weet; maar, toe sy God se Woord verbreek het, het God die man oor haar laat heers. Génesis 3:16, as julle dit wil neerskryf. Sy was nie meer gelyk met die man nie. Sy was die verbreker van God se Woord.

<sup>98</sup> Sien julle nie: “sy,” sy, die kerk hieronder nie? Die verbreker van God se Woord, wat haar heeltemal uit kontinuïteit gegooi het. En dis wat die kerk gedoen het, en geestelike dood op die hele ding gegooi. Nou sal julle verstaan hoekom ek so op hierdie dinge hammer. Waarheid! Hierdie is Bybelse feite.

<sup>99</sup> Let op, hoekom het sy so 'n ding soos hierdie gedoen; hoe kon daardie lieflike, pragtige, volmaakte vrou?

<sup>100</sup> Ek het 'n skildery gesien eenkeer, ek meen dit was in Griekeland, van 'n kunstenaar wat 'n portret geskilder het van Eva. Sy het na die verskriklikste ding gelyk wat jy ooit gesien het. Dit wys waarna 'n vleeslike verstand kan kyk. Maar, sy was nie; sy was pragtig, want sy was volmaak vrou, totaal vrou.

<sup>101</sup> Let op, hoekom het sy so 'n ding gedoen, terwyl sy in daardie hoë orde was? Sy was reg saam met die man, gelyk met hom. Maar ons weet nou almal dat sy haar gelykheid met die man verloor het, toe sy gesondig het, en God gesê het: “Die man sal van hieraf jou heerser wees.” Nou, dis die Skrif. As julle wil, kan ons dit lees.

<sup>102</sup> Ek gee julle die Skrifte, om tyd te bespaar vir hierdie groot verbinding regoor die land, dat julle dit self kan lees.

<sup>103</sup> Let op na die rede waarom sy dit gedoen het. Hoe het Satan ooit by haar uitgekom?

<sup>104</sup> Het julle geweet Satan was eendag gelyk met God? Was beslis, alles behalwe 'n skepper; hy was alles, gestaan aan die regterhand van God, in die Hemele, die groot voorste Gerub.

<sup>105</sup> Let op na die rede waarom sy dit gedoen het, sy was nie in die oorspronklike skepping nie. Sy is nie in God se oorspronklike skepping nie; sy is 'n byproduk. Daarom: “in die begin,” soos Jesus daarna verwys het, was sy nie oorspronklik geskape wese van God nie. Sy is 'n byproduk van 'n man, toe Jesus verwys het na “die begin.”

<sup>106</sup> Onthou, Adam was beide manlik en vroulik, in die oorspronklike skepping, een, maar toe is hy geskei deur 'n rib.

<sup>107</sup> Let op, maar 'n byproduk, en, let op, die enigste een van al God se skepping, van elke dier en enigiets anders, sy was die enigste een wat so geskape is. Elke ander vroulike was in die oorspronklike skepping. Elke ander vroulike was in die oorspronklike skepping, maar Eva was nie in die oorspronklike skepping nie. Sien, dit moes so gemaak gewees het. Ons sal naderhand daarby kom. Let op, in hierdie skepping waarin sy was, nie in die oorspronklike nie, maar 'n byproduk. En in hierdie skepping, is daar . . .

<sup>108</sup> Nou ek wil nie julle gevoelens seermaak nie, maar ek wil julle die Waarheid vertel. En sit julle net stil; julle vaar goed.

<sup>109</sup> Daar is niks ontwerp om so bedrieglik te wees, as 'n vrou wat bedrieglik is nie. Daar kan niks anders wees nie; daar is niks gemaak om so te wees nie.

<sup>110</sup> Ook, daar is niks wat so maklik mislei kan word soos 'n vrou nie. Nou, die val bewys daardie stelling as waar, die val in die begin.



111 Sy was nie in die oorspronklike begin skepping nie. Sy was in Adam, maar nie in 'n vroulike seks, self nie, aan die begin. Sy was die byproduk gemaak.

219 Eerste Adam en Eva het die tweede Adam en Eva voorgestel, sien, die vermenigvuldiging. Nou die vermenigvuldiging van Adam en Eva was deur seks, om die aarde te vul, maar dit was nie so in die begin nie. God het net ’n manlike en ’n vroulike gemaak, soos Hy Sy ander skepsels gemaak het, sien, wettiglik, net soos die Kerk.

220 Nou laat ons, ten aanskoue van hierdie bevestigde Waarhede van God, ’n bietjie verder soek, as julle wil. [Gemeente sê: “Amen.”—Rd.] Goed. Nou hierdie mag dalk net ’n bietjie seermaak tot ons by die kern daarvan kom, maar ek gaan julle net die Waarheid daarvan wys.

221 Daar is geen prediker wat met ’n weduwee kan trou nie. Het julle dit geweet? Wil julle dit lees? Goed, julle kry in die Leviete, Levitikus 21:7 en Esegieël 44:22, en Dit sal julle wys dat die priesterdom nie met ’n vrou moes trou wat deur ’n man aangeraak is nie. Hierdie tipe is van die maagdelike Bruid van Jesus Christus, omdat hulle die vuur van God hanteer het, die priesters het, Aäron se seuns. Ons het nie tyd om Dit alles te lees, en uit te kom teen twaalfuur nie, ons het nog twintig minute. En hulle is Aäron se seuns wat die—die—die Vuur van



God hanteer het, so hulle kon nie met 'n vrou trou wat deur 'n ander man aangeraak is nie. Die onveranderlike God het so gesê. Hulle kon nie met 'n ander vrou trou nie, en 'n vrou wat deur 'n man aangeraak was nie, wat in tipe hier wys, as julle dit wil sien, dat die Kerk van die lewende God ten volle, suiwer, die Woord van God is, en nie 'n denominasie wat deur die mens hanteer is nie.

<sup>222</sup> Let op, laat ons hierdie hier lees. Ek wil dit by julle uitbring. Mattheüs 5, het Jesus hier gepraat van iets wat van kardinale belang is. Ons wil dit sien, Mattheüs 5. Ek het geskryf op my . . .

<sup>223</sup> Ek het sommige dinge gemerk wat ek net vir die mans sou gesê het, so ek het nogal 'n tydjie gehad om dit net voor ons susters te sê. Maar ek wil—wil nou hier uitgaan voor . . .

<sup>224</sup> Nou, suster, ek wil jou plaas op die plek waar God se Woord jou beloop het, en jy sorg dan dat jy op daardie plek bly, ook.

<sup>225</sup> Mattheüs 5:32. Ek wil hê julle moet hier oplet, om hierdie selfde idee te ondersteun van “een” en “baie.” Mattheüs, dertig— . . . Ek dink dis Mattheüs 5:32, 31 om mee te begin.

*Daar is ook gesê Elkeen wat van sy vrou skei, moet haar 'n skeibrief gee.*

<sup>226</sup> Dis Jesus wat praat, die Een wat gesêhet: “van die begin af.” Hou nou dop.

*Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe . . . omrede van hoererye, maak dat sy egbreek pleeg; sien, elkeen wat van sy vrou skei, behalwe . . . omrede van hoerery, maak dat sy egbreek pleeg: (hoekom? sy sal weer trou) en elkeen wat die geskeide vrou trou, pleeg egbreek.*

<sup>227</sup> Sien, sy het 'n man wat lewe, so geen man kan met haar trou nie. Geen nie om wat sy doen en wie sy is nie, sy het 'n man wat lewe, daar is glad nie enige gronde vir haar nie. Maar, dis nie, vir hom nie. “Maak dat sy,” nie hy nie. Begryp dit? Jy moet die Woord in kontinuïteit laat loop. Sien, niks wat sê hy kan nie, maar sy kan nie. Sien, “maak dat sy,” nie hy nie. Dis presies wat die Bybel sê: “maak dat sy.” Daar word nie teen hom gesê om te hertrou nie, maar “sy.” Hoekom? Christus in die tipe.

<sup>228</sup> Let op, daar word gesê dat hy nie kan hertrou nie, slegs 'n maagd. Hy kan hertrou. Hy kan, hy kan weer hertrou as dit 'n maagd is, maar hy kan nie met iemand anders se vrou trou nie. Beslis nie. En as hy met 'n geskeide vrou trou, pleeg hy egbreek, ek gee nie om wie hy is nie. Die Bybel het gesê: “Elkeen wat die geskeide vrou trou, pleeg egbreek.” Daar het julle dit, glad nie enige geskeides nie.

229 Sien daardie oorspronklike daar in die verlede: “van die begin af,” nou? Hertrou, let nou op, hy kan, maar sy kan nie. Soos Dawid, soos Salomo, soos die kontinuïteit van die hele Bybel, nou, dieselfde as Dawid en die res van hulle.

230 Nou let julle op in Eerste Korinthiërs 7:10, let op, Paulus beveel die vrou wat is, wat haar man skei, om ongetroud te bly of om versoen te word, nie te hertrou nie. Sy moet ongetroud bly, of versoen word met haar man. Sy kan nie hertrou nie. Sy moet ongetroud bly, maar, let op, hy het nooit van die man gesê nie. Sien, jy kan nie die Woord laat lieg nie. “Van die begin af,” die seksuele wet deur poligamie. Nou, die Woord van God loop suiwer volgens die natuur van God, loop in kontinuïteit.

231 Sien hoe daar een skool ooswaarts gegaan het, en die ander een weswaarts gegaan het, daaroor? Jy moet terugkom na die Waarheid, om uit te vind wat dit is.

232 Dit was altyd so, dis die gewone verbond met God van die begin af. *Eerstens*, voor die begin, van die begin af was daar net een en een. *Nadat* die sonde ingekom het, toe was daar een man en 'n klomp vroue; loop so in die natuur, elke dier, en mense en natuurlike vlees is dierlik. Ons is soogdiere, ons weet dit, almal van ons, sien, en dis alles God se natuur in kontinuïteit.

233 Maar nou dat die Seëls geopen is, wys die Gees van Waarheid ons na die Woord. Dit verklaar hoekom al die foute deur al die eeue was, omdat die Seëls nie geopen was nie, Hierdie was nie geopenbaar nie. Dis waar.

234 Let op, jy, jy kan nie die skaduwees laat misluk nie. Soos ek gisteraand vir julle gepreek het oor die skaduwees oor die vloer, dit moet reg uitkom. Hoe kan daar 'n skaduwee van 'n olifant wat oor die vloer aankom wees, en 'n baie klein, dun mannetjie kom uit as die olifant, of die olifant as 'n klein, dun mannetjie?

235 Nou as julle dit sal oplet in perfekte tipe.

236 Nou, daar is 'n ware vrou, 'n ware vrou, maagd, wat met haar man trou, en lewe, en sy is 'n seëning vir die man. As God vir Sy seun iets beters as 'n vrou kon gegee het, sou Hy dit vir hom gegee het.

237 Maar sy is ontwerp om 'n seksvertoning te wees, en geen ander dier is so ontwerp nie. Geen ander skepsel op aarde is so ontwerp nie. Dis hoekom jy poligamie sien, daaroor. Dis wat dit ingebring het.

238 Nou kyk, per slot van rekening, kyk, daar is een Jesus Christus (is dit reg?), een Man, God, Immanuel. Glo julle dit? [Gemeente: “Amen.”—Rd.] Maar die lede van Sy Vrou is baie, sien, duisende maal duisende van duisende (is dit reg?), Sy Vrou, die Bruid, die Kerk. Verstaan julle nou? [“Amen.”]

239 Dis hoekom Hy vir Adam gesê het, voor seks ooit te weeg gebring of ingebring is: “Vermeerder, om die aarde te vul,” toe hy nog in die begin was, toe hy nog manlik en vroulik in homself was. Daar, wys dan dat die Bruid uit die Woord moet kom, deur geestelike vermeerdering, vermeerderings, sien, om die aarde te vul.

240 Nou in die geslagsdaad, sien, die skole het daardie twee dinge verwar. Daarom kan jy dit nie doen nie, jy moet dit terugbring na die Waarheid daarvan: “in die begin.”

241 En aan die einde sal daar een Here Jesus wees, en Sy Bruid talryk, enkelvoudig. Begryp julle dit? Daar was een Dawid op een troon, een koning (na God se Eie hart) met vyfhonderd vroue. Jesus wat op Sy Troon sit, halleluja, in die Millennium, met ’n Vrou; soos dit aan die begin was, uit die aarde gevorm, deur die hand van Almagtige God, in die opstanding, van baie lede. Daar het julle dit.

242 Vroue, wat sukkel om dit te wees, kom in Christus in, dan sal julle nie in daardie vieslike gemors daar buite wees nie. Maar solank as wat jy net ’n kerkklidmaat is wat probeer om moreel en goed te leef, self, sal jy dit nooit maak nie. Nog minder kan ’n man dit maak buite Christus. Soos Paulus voortgaan om te sê: Maar hulle’s in Christus, daar’s nie manlik of vroulik nie.” Hulle’s almal een.

243 Maar om hierdie *Troue En Egskeiding* uit te sorteer, sodat julle kan weet wat reg en wat verkeerd is, wys Hy nou duidelik hier in hierdie tipes. Daar is een Christus; en baie lede van daardie Vrou. Let op, Hy kan ons skei as gevolg van geestelike hoerery en valse doktriene, enige tyd wat Hy wil; maar hoe durf jy Hom skei, en dit maak? Die man kan van sy vrou skei en met ’n ander een trou; maar die vrou kan nie van haar man skei en met ’n ander een trou nie. Sien al die skadu’s en tipes wat daar perfek uitbalanseer? Sien die oorspronklike skepping; nie die byproduk nêrens nie. Nie die kerk nie, die Bruid deur die Woord. Nie die vrou nie; die man, elke keer. Dis hoekom dit nooit iets sê teen die man wat dit doen nie; dis altyd die vrou. [Broer Branham slaan vyf keer op die preekstoel—Rd.] Dis presies.

244 Maar sy kan die Bruid van Christus wees, deur te wees. . . En onthou, sy as deel van ’n man, die Bybel het gesê sy kan on—. . . “Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou. Want Adam was eerste gemaak, daarna Eva. En Adam is nie verlei nie, maar die byproduk was verlei. Maar sy sal gered word deur kinders te baar, en *as* sy bly in ingetoenheid en heiligmaking, en sulke dinge,” want dan word sy ’n deel van ’n man. Dis wat bring. . .

245 Hoekom het Abraham nie . . . Hoekom het God nie vir Sara doodgemaak wat net daar gesit het nie, en ontken het, en reg in God se gesig gelieg het nie? Daar gesit as 'n sterflike Man, en vleis geëet, brood geëet, melk gedrink, en Hy het gesê: “Hoekom het Sara daar agter gelag,” agter Hom, in die tent, Hy het haar nooit gesien nie: “en gesê: ‘Hoe kan hierdie dinge wees?’”

246 Sy het gesê: “Ek het dit nooit gesê nie!” O nee, goeiste, sê vir God Hy is 'n leuenaar, in Sy gesig? Maar Hy kon haar nie neem nie. Hoekom? Sy's deel van Abraham. Amen. Hy kon haar nie seermaak sonder om vir Abraham seer te maak nie.

247 Nou sien julle vroue waar julle behoort. En die Bybel het gesê: “Julle vroue moet wees soos Sara was, wat haarself met fatsoenlike kleredrag bekleed het, eerlik en getrou aan haar man geleef het, en hom so liefgehad het dat (hy) sy hom haar ‘heer’ genoem het,” heerser, eienaarskap.

248 En julle, party van die vroue, wat hierdie nare klere aantrek en daar uitgaan om juisself voor mans te gooi. Jesus het gesê: “Elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer het alreeds egbreek met haar in sy hart gepleeg.” Wie is dan skuldig, jy of die man? Hy is 'n man, gemaak sodat hy hierdie daad kan verrig, sien; en jy's die vrou, wat behoort te weier.

249 En hoekom vertoon julle juisself so? Dit is nie vir gemak nie, julle weet dit kan nie wees nie, wanneer julle halfdood gevries is met daardie kortbroeke aan. Sien, kan nie vir gemak wees nie. Wat is dit dan? Dis vir vieslikheid! Julle sal dit nie erken nie, maar die Bybel sê so. Dis die Waarheid. Dis 'n vuil gees wat in julle is. Julle wil nie vuil wees nie; maar julle besef nie, julle is geestelik vuil, omdat julle juisself vuil voorstel.

250 Nou, 'n man, sy ou, vuil, kwasterige knieë, en of hy glad nie enige klere aangehad het nie, sou nie enige verskil gemaak het nie, sy liggaam is nie uitlokkend nie. Hoekom? Hy was in die oorspronklike skepping, karakter; moet wees, sien. Maar, julle is die byproduk, om mee uit te lok.

251 God, wees genadig! O, goeiste, hierdie sondige wêreld! Ek sal bly wees wanneer dit verby is.

252 Let op, Hy kan op enige tyd van Sy vrou skei wanneer Hy wil, maar sy kan nie van Hom skei nie; Hy kan my laat, Hy kan my in die stof gooi op enige tyd wat Hy wil, o, broer, ek beter nooit probeer om Hom daar te gooi nie, ek's klaarpraat.

253 Salomo kon met enige vrou trou wat nie getroud was nie, hy kon met enige vrou trou wat hy wou. 'n Priester kon net met 'n vrou trou wat 'n maagd was. Salomo . . .

254 Soos Dawid, hy het getrou met (wat was haar naam?) Abigail. Wat, daar was 'n man wat “'n dwaas” genoem is, hy

het 'n mooi vrou gehad, en hy het gesterf. En Abigial het met Dawid getrou; hy was 'n koning, nie 'n priester nie, sien, so hy—hy het getrou.

<sup>255</sup> Maar 'n priester kon dit nie doen nie, omdat hy geraak het aan of 'n vrou gekry het wat alreeds 'n ander man se vrou was. So dit wys die maagdelikheid van die Kerk van die Here Jesus Christus, die Bruid sal rein moet wees, die Woord, nie een Woord wat weg is èrens nie. Sekerlik. Kan julle jul 'n korrekte bruid voorstel, een bors af, en, die ander een, iets anders verkeerd, julle weet? Dit gaan nie die Bruid van Christus wees nie. Sy is perfek. Sy is alles die Woord, nie een Woord wat èrens misluk nie. Nee.

<sup>256</sup> Let op, Hy kan van haar skei, maar sy kan nie van Hom skei nie. Hy het dit gedoen, en dit bewys, in die dae toe Luther, Wesley, en Pinkster, toe hulle geweier het om die verdere deel van Hom te word deur geestelike seksuele verhouding te hê en bevrug te word met verdere deel van die Woord. Julle verstaan? Sy het geweier. Die Lutherse kerk het Christus geweier om enige verdere begeerte met haar te hê; Luther het dit geweier. En laat my dit sê, gaan my in elk geval iets noem; so is dit vandag met elkeen van hulle, hulle neem nie daardie Woord nie, hulle weier Christus!

<sup>257</sup> En enige vrou wat haar man sy kind weier, het geen reg om sy vrou te wees nie. Amen. Julle onthou, in die Bybel, toe die koning met Ester getrou het? Omdat die koningin geweier het, het hy net vir hom 'n ander een gekry. En toe die . . . Wat het gebeur toe sy geweier het om saam met die koning uit te kom en hom te gehoorsaam? Dis dieselfde ding met 'n vrou wat weier om 'n vrou vir haar man te wees.

<sup>258</sup> En so is dit met die kerk wat weier om bevrug te word in die eeu waarin ons nou leef, om kinders van hierdie eeu voort te bring. Ons is nie Lutherane nie, ons is nie Wesleys nie, nog minder is ons Pinksters! Ons moet die kinders van hierdie eeu wees, deur die bevalling van die Woord van God, om 'n Kind van hierdie eeu voort te bring, die Saadkind. Amen. Ek hoop julle verstaan. Kon nie bevrug word nie, nee, so wat het Hy gedoen? Van haar geskei, in egskeiding. Dis reg. Maar sy durf nie van Hom skei nie. Hy het van haar geskei.

<sup>259</sup> Hy het reguit voortgegaan om Sy Woord aan die Liggaam te openbaar, en Hom te bevestig, dieselfde, deur Homself. Sy kinders het soortvan meer soos Hy begin lyk, want Dit word ten volle ryp, of, hulle word kinders van die Woord, nie kinders van die kerk nie. Kinders van die Woord! En die Bruid sal 'n pragtige klein Dametjie van die Woord wees, onvervals, nie deur enige mens se organisasie aangeraak nie, enige mensgemaakte teorie nie. Sy sal ten volle onvervalste, Bruid van die Woord wees! Amen en amen! Ek hoop julle kry daardie, buite op die lug. Sy sal die bevrugte dogter van God wees.

<sup>260</sup> Sien wat 'n groot eer 'n vrou kan wees? Sien wat 'n groot ding die kerk kan wees, maar sien julle waarnatoe vieslikheid haar geneem het? Dan probeer daardie kerk daarbuite vergelyk met die Kerk hier, jy kan dit nie doen nie. En probeer die straatprostituut met die Kerk van die lewende God vergelyk; of die vrou, die korrekte vrou, met 'n prostituut?

<sup>261</sup> Hoekom is daar sulke dinge soos daardie? Dis 'n wet van God, die wet van kontraste. Hoe sou jy geweet het hoe om die daglig te geniet as daar nie 'n nag was nie? Hoe sou ons weet hoe om die droë weer te geniet as daar nie reën was nie? Hoe sou ons weet om 'n regte vrou te geniet en te respekteer, as daar nie 'n vuile was nie?

<sup>262</sup> Het Dit reguit aanhou openbaar, Sy Woord geopenbaar, maar laat enigeen van ons durf om van Hom te probeer skei en met 'n ander te trou.

<sup>263</sup> Nou is dit sekerlik duidelik hoekom albei teorieë verkeerd is. Jy kan dit nie *hiernatoe* laat gaan nie, dis weg; jy laat dit *daarnatoe* gaan, dit sal reguit verby die belofte gaan. *Hier* is die belofte, hier is die ding net hier. Die Woord is nie teenstrydig nie. Dit moet in kontinuïteit bly nou, net so min as wat Mattheüs 28:19, Handeling 2:38 weerspreek.

<sup>264</sup> Nou, party van julle vroue, party van julle mans, ek—ek weet julle—julle stem nie Daarmee saam nie. Natuurlik, julle weet, julle kan dit nie op hierdie oomblik wegsteek nie. Julle kan nie.

<sup>265</sup> Maar laat ek julle net iets wys. As Mattheüs 28:19 gesê het: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees,” en hulle het omgedraai, en elke persoon wat ooit gedoop is is teenstrydig daarmee gedoop, gedoop in die Naam van Jesus Christus, selfs dwarsdeur die hele Bybeleeu en vir driehonderd jaar na die Bybeleeu, tot by die Raad van Nicaea. Toe het hulle dogmas in plaas daarvan aanvaar. Wat is die verskil, as dit nie geopenbaar is nie?

<sup>266</sup> En weet julle dat die hele Boek, die hele Bybel, 'n openbaring is? Dis hoe jy die waarheid tussen hierdie een en die ander een moet ken, dis omdat Dit 'n openbaring is. En die openbaring moet presies volgens die Woord wees, nie teenstrydig met die Woord nie. Julle sê: “Wel, ek, dit was aan my geopenbaar.” Dan as dit teenstrydig met die Woord is, het dit nooit van God af gekom nie. Dis reg.

<sup>267</sup> Nou as jy wil neem Mat—. . . Mattheüs 16:18. Jesus het gesê, Self, dat die hele Kerk, Sy Kerk, gebou sou word op geestelike openbaring van Homself, wat die Woord is. “Ek sê vir jou, dat jy Petrus is. . . En vlees en bloed het dit nooit aan jou openbaar nie, maar My Vader wat in die Hemel is het dit aan jou openbaar. En op hierdie rots. . .”

268 Nou, ek weet, ons Katolieke vriende hier, julle sê: “Dit is gebou op Petrus, en Petrus die apostoliese, so, *Die—en die*, in ’n apostoliese toestemming, opvolging.”

Die Protestante het gesê: “Dit is gebou op Jesus Christus.”

269 Nie om anders te wees nie, maar neem net wat Hy gesê het! Hy het gesê: “Vlees en bloed het dit nie aan jou openbaar nie, maar My Vader wat in die Hemel is het dit aan jou openbaar. En op hierdie rots, geestelike openbaring van wat die Woord is, sal ek My Kerk bou; en die poorte van die hel sal dit nooit platskud nie.” Sy Vrou sal nie deur ander mans versoek word nie. “Ek sal My Kerk bou, en die poorte van die hel sal Dit nooit skud nie.”

270 En Abel en Kain, in die tuin van Eden. Kain het sy eie gevolgtrekking gemaak, hy het gesê: “Nou kyk, God is ’n goeie God. Hy is oor die hele natuur, so ek sal die boontjies en aartappels kry, en ek sal die—die blomme kry, en ek sal vir Hom ’n baie mooi altaar maak.” Dis ’n kerk. Hy het gekniel. Hy het God geglo. Hy het God aanbid, sy hande opgesteek, en hierdie offerhande geoffer. Hy het alles godsdienstigs gedoen wat Abel het.

271 Abel het dieselfde soort altaar gebou. Maar toe Abel syne gebring het, het hy ’n lam gebring. Nou, Kain het gedink dat, deur ’n teenmiddel teen sonde te maak, dat sy pa en ma vrugte moes geëet het, soos hulle geleer is in daardie tuin. Maar Abel, deur Goddelike openbaring, het geweet dat dit die bloed was wat dit gedoen het. Deur Goddelike openbaring! En die Bybel het in Hebreërs gesê, die 12de hoofstuk, 11de hoofstuk, dat: “Abel, deur geloof, openbaring, aan God ’n beter offer geoffer het as Kain, waardeur God getuig het dat hy regverdig was.” Is dit reg? [Gemeente: “Amen.”—Rd.] Amen! Broer, suster, dis net so duidelik soos wat enigiets kan wees, vir my. Daar is die hele ding.

272 Nou oor die *Troue En Egskeiding*, sien, dit moet geopenbaar word. Totdat die geopenbaar word, weet jy dit nie. Maar Hy het belowe in hierdie laaste dae, in hierdie eeu, dat elke verborge geheimenis in die Bybel geopenbaar sou word. Hoeveel weet dit? Openbaring die 10de hoofstuk! Jesus het dit belowe, dat almal van hierdie verborge geheimenisse oor—oor *Troue en Egskeiding*, al hierdie ander verborge geheimenisse wat was, openbaar sou word in die endtyd. Nou julle onthou, die Stem het gesê: “Gaan na Tucson.” Onthou die geheimsinnige Lig in die lug; die Sewende Engel wat daar staan; terugkom, en die oopmaak van die Sewe Seëls? Kyk wat gebeur het. Dit is waar.

273 Nou net ’n klein bietjie verder. Maar luister nou, julle! Ek weet dit word tyd vir julle om te gaan eet, maar ek eet tog te lekker. [Gemeente sê: “Amen.”—Rd.]

274 Let op, nou, die vrou het haar plek, en sy is 'n juweel. Salomo, hierdie man wat tienduisend vroue gehad het. . . of 'n duisend vroue gehad het, liever, hy het gesê dat: "’n Man wat ’n vrou gevind het, het ’n goeie ding gevind." Hy het gesê: "’n Goeie vrou is ’n juweel in sy kroon," dis ’n eer. "Maar ’n onregverdige een is water in sy bloed," dis sy lewe. Hy het gesê: "Daar mag miskien een regverdige man in ’n duisend gevind word," Salomo het so gesê, "maar," gesê: "jy sal nie een regverdige vrou in ’n duisend vind nie." Salomo het dit gesê, sien. Nou let op daarna, dat hoe dit is.

275 Maar, jy sien, vrou, dat jy—jy ’n juweel is as jy ’n juweel wil wees, maar dit moet jou begeerte wees. En jy sien hoekom die *Troue En Egskeiding* was, wat Jesus na terugverwys het, dit was omdat jou soort die oorsaak van alle sonde was. Dis hoekom poligamie en egskeiding, en dinge, ingestel is. Dit was nooit so aan die begin nie, en dit sal nie so wees in die wêreld daar oorkant nie.

276 Kyk na Jakob, uit wie die stamvaders gekom het. Hy het ten minste ’n dosyn vroue gehad. Hy het met twee susters getrou, en het behalwe dit nog byvroue ook gehad, houvroue waarmee hy saamgeleef het. En daardie stamvaders is reg uit daardie byvroue gebore. Is dit reg? [Die gemeente sê: "Amen."—Rd.] Sien, jy moet die Woord glad laat verloop.

277 O, ek het bladsye oor hulle. As ’n leeraar my ooit daaroor bevraagteken, en ons sou bymekaarkom, kon ons daaroor praat. Maar sekerlik, as hy enige geestelikheid het, kan hy net hier sien dis die Waarheid. Daar’s geen twyfel Daaroor nie.

278 ’n Goeie vrou is ’n goeie ding. Ek weet dit. Ek weet dit deur regte vroue. Ek het regte vroue ontmoet wat opreg is, net so werklik soos enige man wat ooit gewandel het.

279 Sy is ’n byproduk en ’n deel van hom, en in die val het hy na haar geluister. Hy net. . . Sy is deel van hom. Maar, dit hang van haar af, sy is gemaak sodat sy vuil kan wees, en sy is die reg gegee om te kan weier of aanvaar. Dis teenstrydig met die oorspronklike natuur aan die begin, sien, maar daar het julle dit.

280 Nou dis twaalfuur, so ek sal net iets uitlaat hier vir ’n paar minute. Ek wil julle iets vra.

281 Nou, onthou, ek sê dit net aan my groep alleen. En buite op die lug, ek sê dit net aan my eie volgelinge. Hierdie Boodskap is net vir hulle, en wat ek hier gaan sê.

282 Enige prediker, hy, dis sy, ja, hy’s die herder van die skape, laat hom doen wat ook al hy wil. Dit hang van hom en God af. Enige priester, enige prediker, dit hang van jou af, my broer.

283 Ek praat net hier in Jeffersonville, die enigste plek waar ek dit sal preek, is omdat dit my eie kudde is. Dis die kudde



waaroor die Heilige Gees my laat verstaan het ek 'n opsiener is, en Hy sal my verantwoordelik hou daarvoor. En hierdie mense van my was bekeerlinge hier van regoor die land, wat ek na Christus gelei het. En, klein kindertjies, ek's hier om julle te help, en ek's julle vriend. Julle mag dink ek praat teen julle; ek sê dit, vir julle beswil. Ek het julle lief. En as dit nie so is nie, God is my Regter. Julle weet ek het julle lief.

284 Hierdie is 'n baie sterk ding, ek het nie geweet hoe om dit uit te bring nie. Wat sal ek doen, wanneer ek mans en vroue het wat in my gemeente sit, party van hulle is twee of drie maal getroud? Goeie mans en goeie vroue, heeltemal deurmekaar! Wat het dit gedoen? Valse onderrig, presies, nie op die Here wag nie.

285 “Wat God saamgevoeg het, laat geen mens skei nie.” Nie wat die mens saamgevoeg het nie; wat “God” saamgevoeg het! Wanneer jy 'n direkte openbaring van God gekry het daardie is jou vrou, en dieselfde ding, dis joune, die res van jou lewe. Sien? Maar wat die mens saamvoeg, kan enigiemand skei. Maar wat God saamvoeg, durf geen mens aanraak nie. “Wat ook al God saamvoeg,” het Hy gesê: “laat geen mens skei nie.” Nie wat 'n halfdronk magistraat of so iets saamgevoeg het nie, of 'n teruggevalle prediker met 'n klomp geloofsbelydenisse in 'n boek, wat hulle enigiets in die wêreld sal laat doen, en die Woord van God wat net daar lê nie. Sien? Ek praat van wat God saamgevoeg het.

286 Nou gaan ek dit vir julle sê. Ek is baie versigtig wat ek vir julle sê. Ek bedoel nie om rof met julle mense te wees nie. Ek bedoel nie om rof met julle te wees, my pastoor broers nie. Ek bedoel dit nie. Maar ek is verantwoordelik, met die besef dat hierdie in my hande gegee is. En as . . . Ek kan Dit nie vashou nie. Ek weet nie hoe om Dit uit te gee nie, en ek weet dat hierdie band sal. O, goeiste, ek sal net gereedmaak, die kantoor oopmaak, want hier kom dit. Sien?

287 Net soos dit was oor *Die Slang Se Saad*, maar dis absoluut as reg bewys. Ek het die papiere net hier, uit die koerant, waar vroue op hierdie oomblik . . . en selfs in—in die groot . . . Party van die groot bisdomme het die foto's van die oorspronklike, 'n slang wat op 'n vrou se been seil, en net in hoe dit om haar gaan; kry sy alle soorte sensasies en dinge, iets waarmee 'n man haar nooit mee kan aanraak nie, met hierdie groot slang wat om haar draai, ensovoorts. Dis presies die waarheid. En dit gaan slegter en slegter, en sal slegter word. Slang, wat hy nie was nie, hy kon nie die seksuele verhouding met haar gehad het as hy 'n slang was nie, maar onthou . . .

288 Ek het 'n debat gevoer die ander dag met 'n . . . nie 'n debat nie, net 'n Gemeente van God prediker en vennoot, het gesê: “Jy's verkeerd, Daarop.”

Ek het gesê: “Wel, ek mag wees. Ek wil hê jy moet my sê.”

289 Hy het toe gesê, voortgegaan en begin praat daaroor. Voor hy hom kon kry, was hy verlore. En een ding wat hy gesê het, hy het gesê: “Broer Branham, waar is daardie spesie? God het gesê ‘een van sy soort.’ Nou waar is daardie spesie wat jy gesê het tussen mens en dier was, wat die wetenskap nou nie kan vind nie? Waar is hy?” Gesê: “Is hy op aarde? Was hy ’n sjimpansee?”

290 “Nee, omdat ’n sjimpansee se bloed nie sal meng met ’n vrou nie, geen ander dier sal met haar meng nie. Nee, dit sal nie, nog minder sal ’n man se sperm meng met die—met die vroulike. Dit sal dit nie doen nie.”

291 “Dan waar is daardie sekere dier? Nou, God het gesê: ‘Laat alles volgens sy soort voortbring.’”

292 Ek het net ’n oomblik gewag. En die soetheid van die Heilige Gees het gesê: “Sê hom: ‘Dis hier.’”

Nou, ek het eers gesê: “Wel, dit kon uitgesterf het.”

Hy het gesê: “Maar, Broer Branham, dit, ons praat van die Woord, praat ons nie?”

293 Ek het gesê: “Ja, meneer.” En ek het gesê: “Hulle, natuurlik, sê dat die ander dinge, soos dinasourusse en—en mammoete, ensovoorts, mammoete, mammoete, liewer, hulle uitgesterf is, ensovoorts.” Ek het gesê: “Dit kon dit gewees het.”

294 Hy het gesê: “Broer Branham, ons praat van ’n Woordbewys. As sonde hier is; dan, die oorspronklike sonde, dit behoort ook hier te wees.”

295 En ek het gesê: “Here Jesus, U het gesê: ‘Kwel julle nie wat julle sal spreek wanneer julle voor mense kom nie, want dit sal in daardie uur aan julle gegee word.’ Here, wat sal ek sê?” Hy het gesê: “Sê vir hom: ‘Dis hier.’” Net dieselfde as wat ek die die gesigte op die platvorm sien.

296 Ek het gesê: “Dis hier,” sonder om te weet waar.

Hy het gesê: “Waar?”

En voordat ek eers kon dink, het Hy gesê: “Dis die slang.”

297 Dis presies wat dit was, want hy is nie meer ’n dier nie. Hy is vervloek en op sy maag geplaas vir die res van sy dae. Hy is hier. Is dit reg? [Gemeente: “Amen.”—Rd.] En steeds in daardie daad wat hy gedoen het, is daar steeds dieselfde sonde wat om ’n vrou werk, soos ’n manlike seks soos daardie. Daar is waar sy haar peuloog toestande en dinge kry, wanneer sy haar sensasies het ver bokant wat enige man ooit kan doen.

298 Ek sal daar stop want ons is in ’n gemengde gehoor. Ek sal ’n paar mans kry, ek sal . . . ons sal meer daaroor praat. Het al die koerante en dinge wat hier lê, byderhand op hierdie

oomblik, en ek sou dit vir julle gebring het vanmôre. Ek sou die volle dag geneem het hieroor, maar ek sal nou afsluit deur dit te sê.

<sup>299</sup> Hierdie is aan my kerk alleen. Nie my kerk. . . Die klein kuddetjie wat my glo en my volg, hierdie is aan hulle.

<sup>300</sup> Die ander dag, met die wete dat wanneer ek julle iets vertel, dit SO SPREEK DIE HERE moet kom, het ek toe die Skrifte gehad wat Hy aan my openbaar het. Maar: "Here God, wat kan ek vir daardie gemeente sê? Ek sal skeidings hê. Mans sal op die stoep sit en buite op die werf, en orals: 'Sal ek haar verlaat?' Vroue: 'Sal ek my man verlaat?' 'Wat sal ek doen?'" Ek het gesê: "Here, wat kan ek maak?"

<sup>301</sup> Iets het vir my gesê: "Gaan op oorkant in die berg, en ek sal met jou praat."

<sup>302</sup> En terwyl ek bo in die berg was, onwetend dat hulle Dit onder in Tucson gesien het. Maar selfs die onderwysers het die kinders geroep van. . . my klein dogtertjie en hulle, uit die klaskamer, en gesê: "Kyk daar in daardie berg! Daar is 'n amber Wolk wat soos vuur lyk wat in die lug opgaan en weer afkom, opgaan in die lug en weer afkom."

<sup>303</sup> Mev. Evans, is jy hier? Ronnie, jy hier? Ek het afgekom by die stasie, hierdie jong seun by die vulstasie, die Evans se vulstasie daar. En voor ek geweet het wat die seun gaan sê, het hy my op my voete geneem, hy het gesê: "Broer Branham, jy was bo in daardie berg daar oorkant, was jy nie?"

<sup>304</sup> Ek het gesê: "Wat bedoel jy, Ronnie? Nee," sien, om te sien wat hy sou doen. Baie keer wat dinge gebeur, sê ek nie, sê jy dit nie vir die mense nie. Dit word. . . Wat dit is, julle sien soveel gebeur, dit word alledaags vir julle. Sien? Ek vertel net nie die mense nie. Ek het gesê: "Ronnie, wat het jy. . ."

<sup>305</sup> Hy het gesê: "Ek kan jou presies sê waar jy was." Gesê: "Ek het vir mamma geroep, en ons het hier gestaan en daardie Wolk daar oorkant sien hang, wat op en af gaan. Ek het gesê: 'Dit moet Broer Branham wees wat daarbo iewers sit. Dis God wat met hom praat.'"

<sup>306</sup> En die hele stad, mense, het Daarna gekyk. Op 'n helder dag met glad geen wolke nêrens nie, met hierdie groot amber Wolk wat daar hang; wat afkom soos 'n tregter, en teruggaan en uitsprei.

<sup>307</sup> Vriende, en dan gaan ek afsluit, julle hiervandaan kan weggaan. Dis toe Hierdie aan my geopenbaar is, wat ek julle nou gaan vertel, so moet Dit nie mis nie.

<sup>308</sup> Nou praat ek net met ons volgelinge alleen, wat my en hierdie Boodskap alleen volg, nie die buitekant nie. Wees my getuie voor God hiervan. Net aan hierdie groep alleenlik!

309 Nou ons bevind ons in hierdie gemors as gevolg van verkeerd geïnterpreteerde teologie. Is dit reg? Dis hoekom julle vroue die tweede keer getrou het, en julle mans, as gevolg van verkeerd geïnterpreteerde teologie. Nou wil ek julle iets wys wat Hy my vertel het.

310 En as God, ons Skepper, die vraag gevra is toe Hy hier op aarde was, Jesus Christus; en toe sy verlossende profeet voortgekom het, Moses, onder in Egipte, om die kinders uit te bring uit—uit Egipte, om hulle in die beloofde land te plaas; en Jesus hier gesê het dat Moses die mense in hierdie toestand gesien het, en hy hulle 'n skeibrief toegestaan het, omdat die toestand was soos dit was. Moses het sulkes gevind, soos: “Laat hom ly . . .” God het Moses toegelaat, daardie profeet wat na die mense gestuur is, om hierdie skeibrief vir hulle toe te laat.

311 En in Eerste Korinthiërs, die—die 7de hoofstuk, die 12de en 15de vers, in die Nuwe Testament profeet, Paulus, wat dieselfde ding in die kerk teëgekome het, en dit gespreek het: “Hierdie is ek, nie die Here nie.” Is dit reg? As gevolg van die egskeidingstoestand.

312 “Dit was nie so van die begin af nie.” Maar Moses was dit toegelaat, en God het dit as regverdigheid erken. En Paulus het ook 'n reg gehad, toe hy sy kerk in daardie toestand gevind het.

313 Nou glo julle Dit is Waar, en glo Dit kom van God af! En deur die bevestiging van Sy Wolk en Sy Boodskap wat my so ver gebring het, sou God my nie op die berg toelaat om dieselfde ding te sê nie, om julle toe te laat om voort te gaan soos julle is, en dit nie meer te doen nie! Gaan met julle vroue en lewe in vrede, want die uur is laat. Die Koms van die Here is op hande. Ons het nie tyd om hierdie dinge op te break nie. Moenie durf waag om dit weer te doen nie! Ek praat net met my gemeente. Maar as julle getroud is . . . En God is my getuie daarvan, op die berg, dat ek Dit kan sê, 'n bonatuurlike openbaring, as gevolg van die oopmaak van die Sewe Seëls, en hierdie is 'n vraag in God se Woord. “Laat hulle ingaan soos hulle is, en nie meer sondig nie!”

314 “Dit was nie so van die begin af nie.” Dit is reg, dit was nie so nie, en dit sal nie wees aan die einde nie. Maar onder moderne omstandighede, as God se dienaar . . . Ek sal nie myself 'n profeet noem nie; maar ek glo miskien, as ek nie gestuur is daarvoor nie, lê ek 'n grondslag vir hom wanneer hy wel kom. So onder die moderne toestande, beveel ek julle om na julle huise te gaan, saam met julle vroue nou. As jy gelukkig saam met haar is, lewe saam met haar, maak julle kinders in die vrees van God groot. Maar God wees julle genadig as julle dit ooit weer doen! Julle leer julle kinders om nooit weer so iets te doen nie, maak hulle in die vrees van God groot. En nou dat

julle is soos julle is, laat ons nou groei, in die laat aanduur waarin ons lewe, en “jaag na die doel om die prys van die hoë roeping in Christus,” waar alle dinge moontlik is.

<sup>315</sup> Totdat ek julle vanaand sien, die Here seën julle, terwyl ons bid.

<sup>316</sup> Here God, ons dank U. Ons prys U. U is dieselfde groot Jehova wat Moses toegelaat het. Moses, daardie dienaar, en wat sou hy sy mense vertel? En, God, U het hom die skeibrief laat gee. Paulus, die groot apostel wat die skrywer van die Nuwe Testament was, soos Moses was van die Oue. Moses het die Wette en 'n bedeling van wette geskryf. Baie van die profete, hulle woorde was Daarin ingevoeg, maar Moses het die Wette geskryf. En U het hom 'n skeibrief toegelaat, om vir hulle 'n skeibrief te skryf, as gevolg van die hardheid van hulle hart.

<sup>317</sup> Die groot Paulus, as die skrywer van die Nuwe Testament, kon ook so 'n stelling maak, dat: “Ek spreek onder hierdie omstandighede; ek, nie die Here nie.”

<sup>318</sup> So is dit vandag, Here God, aan die einde van die wêreld, soos ons hier onder die genade van God is, met die wete dat ons spoedig sal moet antwoord in Sy Teenwoordigheid. En dat U soveel gedoen het, Here, ek is seker, voor hierdie mense, dat hulle Hieraan sal vashou asof Dit van U af gekom het. En om vandag getuie te wees, van baie mense wat hier sit wat selfs daardie Teken bo in die berg gesien het, waar die Engele van die Here gekom het in die warrelwind, waar dit in die Sewe Engele gekom het, waar die openbaarmaking van die Sewe Verborgenhede ontvou het; en daardie selfde Engel, in dieselfde rigting, op dieselfde berg, die dag toe Hierdie geopenbaar is!

<sup>319</sup> God, ek bid dat die mense sal huis toe gaan in dankbaarheid dat God hierdie genade aan hulle bewys het. Ek het Dit net gespreek, Here, met toestemming. En ek sê Dit net met toestemming, Here. En laat die mense so dankbaar wees dat hulle nooit weer sal probeer om weer daardie sonde te doen nie! En mag hulle nooit probeer om enige sonde te doen nie, maar U met hul hele harte lief te hê. Here, maak hierdie families gelukkig, en mag hulle groei en hulle kinders grootmaak in die vrees van God.

<sup>320</sup> Want, my Boodskap wat op my hart was is gelewer, Here. Ek het alles gedoen wat ek weet hoe om te doen. En Satan het my beveg vir weke, en ure sonder slaap. Maar nou beveel ek Dit, Here, aan hierdie mense, dat hulle Dit bestudeer, en gaan en vir U lewe. Skenk dit, Here. Dis van my skouers af nou. Hulle is in U hande. Ek bid dat U hulle sal seën.

<sup>321</sup> Seën hierdie sakdoeke, Here, wat net hier neergesit is, vir die siek en geteisterdes. Mag hierdie aand een van die grootste, kragtigste aande wees, dat al die mense genees sal word. Skenk dit, Here. Seën ons saam.

<sup>322</sup> Mag ons in vrede gaan, bly en jubelend, want die God van die skepping het ons gewys “van die begin af,” en weer aan ons bewys, in ons gemors waarin ons is, Sy genade, in die laaste dae. O Groot en Ewige God, hoe ons U dank daarvoor! En mag ons harte so bly wees, dat ons nooit weer ’n begeerte sal hê om teen U te sondig nie. In Jesus Naam. Amen.

Ek het Hom lief, (hoekom sou julle Hom nie  
liefhê nie?) Ek het Hom lief  
Omdat Hy my eerste liefgehad het  
En my verlossing gekoop het  
Op Golgota se . . .

<sup>323</sup> Ek sê dit nou sodat die predikers sal verstaan. Dit is vir hulle alleenlik wat die Boodskap volg!

<sup>324</sup> O, is julle gelukkig? [Gemeente sê: “Amen.”—Rd.] Ek het julle die Waarheid vertel, SO SPREEK DIE HERE, die hele pad deur! [“Amen!”]

<sup>325</sup> Nou laat ons staan en ons hande opsteek, soos ons dit weer sing: “Ek het Hom lief.” Ek het Hom lief vir Sy genade. Ek het Hom lief vir sy barmhartigheid. Ek het Hom lief vir Sy Woord. “En die Woord van Here het tot die profete gekom!”

Ek het Hom lief.

<sup>326</sup> Komaan, broer. [Broer Branham kry iemand om die gemeente te verdaag—Rd.] 

*TROU EN EGSKEIDING* AFR65-0221M  
(Marriage And Divorce)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Sondagoggend, 21 Februarie, 1965, by die Parkview Junior Highschool, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk. Hierdie Afrikaanse vertaling was gedruk in 2002 deur:

©2002 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS  
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS  
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.  
[www.branham.org](http://www.branham.org)